## Nederigheid lei tot verhoging in die oë van die Here

**Lees: Mattheus 23: 1 – 12 Teks: Mattheus 23: 12**

Om wetties te wees beteken om die Wet baie streng toe te pas. Dit beteken om dinge net op een manier te doen, en op geen ander manier mag dit gedoen word nie. Daar is vir mense dan geen beweegruimte nie. Dit lei tot perfeksionisme in mense se lewens, en perfeksionisme lei tot hoogmoed.

Hoekom sê ons so? In hierdie gedeelte kry ons met die Fariseërs en Skrifgeleerdes te doen. Hulle is vasgevang in hulle leefwyse en beoefen hulle godsdiens sonder gevoel. Hulle het die vryheid wat aan hulle geskenk is begrawe onder reëls en regulasies wat hulle aan die Wet toegeskryf het.

Hulle het hierdie reëls en regulasies op die mense afgedwing, maar self het hulle dit nie toegepas nie. Jesus is in Jerusalem kort voor sy kruisiging, en hy weet dit is hoe die mense is. Hy vertel dié wat na Hom luister dat die Skrifgeleerdes en Fariseërs goeie werk doen met hulle Skrif uitleg, maar self pas hulle dit nie toe nie. Hulle moenie betwyfel wat die Wet hulle leer nie. Maar die Fariseërs en Skrifgeleerders stel die verkeerde voorbeeld (v3 – 4).

Met alles wat hulle verwag het hulle mense ingeperk van hulle vryheid as kinders van die Here. Ons probleem is dat ons soms op dieselfde manier optree. Ons maak allerhande reëls en regulasies, veronderstel om vanuit die Woord verkry te word, en dan baie keer pas ons dit self nie toe nie. Of andersins is dit 'n baie goeie beginsel, maar dit word nie deur ons toegepas nie.

Dit is nie wat die Here wil hê nie. Dit lei tot hoogmoed. Vers 5 is duidelik dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes alles doen om raakgesien te word. Inteendeel hulle wil geëer word en Rabbi genoem word. Hulle wil as 'n god gesien word op grond van wat hulle doen en hulle optrede en wat hulle in die lewe bereik het. Die gelykenis van die Fariseër en die Tollenaar is 'n sprekende voorbeeld van hierdie gesindheid (Lukas 18).

Ons het ook baie keer 'n geneigdheid om raakgesien te word, en om geëer te wil word. Maar dit is nie hoe God in ons lewens wil werk nie. Ons probeer dit so mooi reg kry deur wetties te lewe en perfeksionisties te wees. As ons dit doen, dan doen ons alles altyd op dieselfde manier. Ons doen dit want dit werk altyd. Dit werk vir jou. Hoekom moet jy dit anders doen. Die probleem kom egter daarby dat jy dit op ander wil afdwing. Jy wil hê dat jou man of jou vrou of jou kinders, broers en susters, of ouers dit ook so moet doen. Jy wil dit op almal rondom jou afdwing.

Nou raak jy hoogmoedig want jy wil hê almal moet maak soos jy maak. Dit lei daartoe dat jy erkenning vir alles wat jy bereik het soek.

Nou kom Christus in hierdie gedeelte en vertel hulle dat die grootste bereid moet wees om ander te dien. Hy sê verder dat elkeen wat hulleselfverhoog sal verneder word, en elkeen wat hulleself verneder sal verhoog word. Dit is tog wat Hy self gedoen het. Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n mens aan te neem. Hy is nog verder verneder deurdat Hy aan die kruis moes sterf vir ons sondes. Maar ons bely ook elke Sondag dat Hy verhoog is en sit aan die regterhand van God.

Vir ons is dit nie veel anders nie. Die Here gee aan ons die Wet as riglyn vir ons dankbaarheidslewe. Ons kon nog nooit en sal nooit die Wet kan onderhou nie. Maar binne die riglyne wat die Wet gee, is daar ruimte om vrylik te beweeg. Ons kan God liefhê soveel ons wil. Ons kan mekaar dien soveel ons wil. Ons kan met die regte gesindheid enigiets doen wat die Woord van ons vra. Dan uit dankbaarheid, op grond van die feit dat die Here ons alreeds verlos het.

Ons moet dit alles in nederigheid doen en sodoende God eer in alles. Nie hoogmoedig nie, nie perfeksionisties nie, nie met dwang nie, maar in liefde mekaar dien en nederig as kinders van God in hierdie wêreld lewe.

**Ds. Neville Boy**
**6 Mei 2018**